# Vroue vereer vir bydrae tot kultuur


Margaret Cordier


Leoni Benghiat


Rina Cascione


Aniki Joseph

Die Cordis Trust het aan vier vroue die Orde van die Beiteltjie vir hul bydrae tot kultuur toegeken.

Volgens dr. Fanie Marais, voorsitter van dié trust, ’n organisasie sonder winsbejag wat Afrikaanse woordkuns bevorder, ontvang hulle dit vir hul volgehoue geesdrif, betrokkenheid, deelname en eiesoortige sigbare uitslae met verskeie aspekte van die Afrikaanse woordkuns in die gemeenskap.

Hulle is Leoni Benghiat, Rina Cascione, Margaret Cordier en Aniki Joseph.

Benghiat bedryf SA Vryskutskrywer, ’n platform waarop sy haar geesdrif met almal wil deel wat in Afrikaans skryf of daarin wil skryf.

Cascione is ’n digter wat wyd aandag trek en vir die Ingrid Jonker-debuutprys vir poësie benoem is.

Sy het op 88 met die bundel *Meer as woorde* (uitgegee deur Naledi)

gedebuteer. Dit bestaan uit agt dele, waarvan een gewy is aan haar oorlede man, Paolo Cascione, ’n Italianer.

Cordier het laat gedebuteer met die digbundel *Buigbreek,* wat onder meer op *Vers en Klank* op RSG aangebied is.

Joseph is ’n gereelde rubriekskrywer in Beeld en tydskrifte.

Prysgeld van R3 000 en ’n boekpakkie is aan elkeen oorhandig.

Daarbenewens het Surita Marais die Orde van die Ster ontvang. Dis ’n eerbewys wat nie woordkuns beloon nie, maar gaan aan Marais, ’n regsgeleerde, vir haar voortreflike deelname sedert 2000 aan die trust se kernstrewes vir sinvolle bydraes tot projekte vir deernis, skeppende Afrikaanse woordkuns en die boodskap van hoop.

(Fanie) Marais het die Trust in 2000 ter nagedagtenis aan sy dogter Mardene Marais gestig. Sy is in 1989 dood.

Sy was ’n student aan die Randse Afrikaanse Universiteit (vandag die Universiteit van Johannesburg) en haar gesin het gedenkbeurse vir Afrikaanse studente voorgraads ingestel.

NETWERK24 **Woensdag** 30 Augustus 2023